

**MEDIAVERKLARING DEUR DR IVAN MEYER  
WES-KAAPSE MINISTER VAN LANDBOU  
DATUM: 31 MEI 2020  
VRYSTELLING: ONMIDDELLIK**

## **VLAK 3-INPERKINGSREGULASIES MAAK GROTER WAAKSAAMHEID IN WITZENBERG EN DIE KAAPSE WYNLAND UITERS NOODSAAKLIK**

Môre, 1 Junie 2020, skakel Witzenberg en die Kaapse Wynland oor na vlak 3 van die Covid-19-inperkingsregulasies.

Die implementering van Vlak 3-inperkingsregulasies stel ons ekonomie verder oop en verhoog die beweging van mense.

Dit beteken nie dat ons die Covid-19-pandemie oorkom het nie.

Die bedreiging van infeksie en die dood is nog steeds 'n werklikheid. Ons mag nie ons pogings in die stryd teen die verspreiding van die virus verslap nie.

Covid-19 vlak 3-inperkingsregulasies vereis groter waaksaamheid van ons almal.

Toe die Wes-Kaapse regering ongeveer 'n maand gelede die geïntegreerde gesondheidsplan vir Witzenberg geïmplementeer het, was die doel om die infeksiekoers te vertraag en dienslewering ten opsigte van die Covid-19-pandemie te verbeter.

Alles dui daarop dat ons positiewe resultate begin sien.

Witzenberg het tans 252 positiewe gevalle, met 'n herstpersentasie van 80% (203) op 30 Mei 2020.

Ons maak vordering, maar ons moet hou by die protokol van gesondheid en veiligheid in Witzenberg en die breër Kaapse Wynland-gebied.

Die afgelope maand het die Wes-Kaapse regering, die Witzenberg-munisipaliteit en die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit verskeie inisiatiewe geïmplementeer om dienslewering te verbeter en die Covid-19-infeksiekoers in Witzenberg en die Kaapse wynland te vertraag.

Gemeenskapsifting en -toetse (CST)-spanne het in Bellavista, Wolesley, Tulbagh en Nduli begin waar positiewe gevalle van Covid-19 geregistreer en Covid-19-verwante sterftes voorgekom het.

Bykomende CST-spanne het by werkplekke begin kyk na moontlike kontakpersone in ondernemings soos Pick 'n Pay, Ceres Fruit Growers, Clicks en Rhodes Vrughtefabriek.

Kontakte is getoets en vir toetsing verwys na die volgende primêre gesondheidsorg-fasiliteite (PHC): PA Hamlet-, Bella Vista-, Wolseley- en Tulbagh-kliniek. Passiewe toetsing, ondersteun deur 'n uitgebreide kommunikasieveldtog, is by al die Primêre Gesondheidsorg fasiliteite voortgesit.

Meer bedkapasiteit is in die Ceres-hospitaal geskep vir Covid-19 positiewe pasiënte en pasiënte wat ondersoek word (PUI's) wat hospitalisasie benodig.

'n Toetsfasiliteit (tent) is in die Ceres-hospitaal opgerig vir sifping en toetsing.

Infrastruktuurveranderings wat by die hospitaal geïmplementeer is, is in ooreenstemming met die siftings- en stromingbeleid van die Departement van Gesondheid.

Hierdie veranderings verseker dat Covid-19-positiewe en vermeende gevalle van nie-Covid-19 gevalle geskei word.

In die Kaapse Wynland is die volgende Covid-19 kwarantyn- en isolasiegeriewe opgerig:

Drakenstein: Middelpaas (48 beddens) en Groot Drakenstein-kultuurfasiliteit (150 beddens)

Stellenbosch: Okkie Jooste-kultuursentrum (180 beddens)

Breedevallei: Ou Nekkies (24 beddens) en Nuwe Nekkies (68 beddens)

Langeberg: Montagu Springs (80 beddens), Mike's Gastehuis (10 beddens) en Avalon Springs (85 beddens)

Witzenberg: Dennebos (80 beddens) en Rustic Venues (180 beddens)

Boere en landbouwerkers word ondersteun met primêre gesondheidsorg wat voorsien word deur die Kaapse Wynland mobiele klinieke wat oor 28 roetes reis en ongeveer 180 000 mense per jaar bedien.

Ons het ook gemeenskapsgesondheidswerkers op plase opgelei. Hulle word verder ondersteun en gementor deur professionele verpleegkundiges.

Ontsmettingspanne is deur ons Departement van Vervoer en Openbare Werke ontplooi om taxi's te ontsmet en die Witzenberg- munisipaliteit het die openbare ruimtes in Ceres begin ontsmet.

Die Red Dot Taxidiens wat ingespan is om gesondheidswerkers werk toe en terug huis toe te vervoer, verskaf ook vervoer na kwarantyn- en isolasiegeriewe vir Covid-19-positiewe pasiënte.

Ondanks hul beperkte hulpbronne, het wetstoepassingsagentskappe in Witzenberg strenger beheermaatreëls by padblokkades toegepas waar mense die munisipale gebied binnekom en verlaat. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het die sigbare polisiëring in die gemeenskappe verhoog. Die Witzenberg Sake-inisiatief, wat 130 ondernemings in Ceres, Tulbagh en Wolseley verteenwoordig, versprei Covid-19-inligting wat op die werkplek van toepassing is en toepaslike regulasies onder sy lede.

Besoek <https://coronavirus.westerncape.gov.za/frequently-asked-questions/employees/frequently-asked-questions-employees> vir meer inligting oor veiligheid by die werkplek om die verspreiding van Covid-19 te beperk.

Ons werk saam met die landbousektor en ons het 35 000 gesigmaskers aan landbouwerkers uitgedeel. Die landbousektor skenk ook landbouprodukte om te verseker dat niemand in die omgewing honger ly nie. Die Wes-Kaapse regering het in Witzenberg R800 000 in die vorm van voedsel- en humanitêre hulp geskenk.

Die Witzenberg-munisipaliteit en die Kaapse Wynland prioritiseer die gesondheid en veiligheid van al sy inwoners. Gereelde opdaterings oor die implementering van die Witzenberg Covid-19 geïntegreerde reaksieplan hou ons op hoogte van vordering en stel ons in staat om aspekte van die plan te versterk wanneer dit nodig is.

Soos wat ons die ekonomie open, word die bedreiging van blootstelling groter.

Waarskuwingsvlak 3 inperkingsregulasies plaas nog meer verantwoordelikheid op almal van ons.

Ek vra dat jy jouself en jou geliefdes sal beskerm deur die vyf goue reëls na te kom en diegene met wie jy in aanraking kom, aan te moedig om dit ook te doen.

Was jou hande, moenie aan jou gesig raak nie, hoës/nies in 'n sneusdoekie of die mik van jou elmboog, handhaaf sosiale distansiëring en bly by die huis.

Ons gaan die opening van die ekonomie fyn monitor en 'n beroep op ondernemings en die breër gemeenskap van die Kaapse Wynland doen om die riglyne vir die bestuur en voorkoming van Covid-19 by die werkplek te

implementeer. Verdere inligting oor gesondheid en veiligheid in die werkplek is by die volgende skakel beskikbaar: [https://www.westerncape.gov.za/assets/departments/health/COVID-19/wcgh\\_circular\\_h70\\_of\\_2020\\_-\\_preventing\\_and\\_managing\\_coronavirus\\_infection\\_in\\_the\\_workplace.pdf](https://www.westerncape.gov.za/assets/departments/health/COVID-19/wcgh_circular_h70_of_2020_-_preventing_and_managing_coronavirus_infection_in_the_workplace.pdf)

Ons streef daarna om lewens en mense se lewensbestaan te beskerm.

EINDE